kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Wat is jou rykdom?

Skriflesing: Lukas 12:13-22

Broodjies vir die pad

"To be grateful is to recognize the Love of God in everything He has given us - and He has given us everything. Every breath we draw is a gift of His love, every moment of existence is a grace, for it brings with it immense graces from Him.
Gratitude therefore takes nothing for granted, is never unresponsive, is constantly awakening to new wonder and to praise of the goodness of God. For the grateful person knows that God is good, not by hearsay but by experience. And that is what makes all the difference."
— Thomas Merton

"Lay your life down. Your heartbeats cannot be hoarded. Your reservoir of breaths is draining away. You have hands, blister them while you can. You have bones, make them strain—they can carry nothing in the grave. You have lungs, let them spill with laughter. With an average life expectancy of 78.2 years in the US (subtracting eight hours a day for sleep), I have around 250,000 conscious hours remaining to me in which I could be smiling or scowling, rejoicing in my life, in this race, in this story, or moaning and complaining about my troubles. I can be giving my fingers, my back, my mind, my words, my breaths, to my wife and my children and my neighbors, or I can grasp after the vapor and the vanity for myself, dragging my feet, afraid to die and therefore afraid to live. And, like Adam, I will still die in the end. Living is the same thing as dying. Living well is the same thing as dying for others."
— N.D. Wilson, Death by Living: Life Is Meant to Be Spent

Death by Living: Life Is Meant to Be Spent

A poetic portrait of faith, futility, and the joy of this mortal life.

In this astoundingly unique book, bestselling author N.D. Wilson reminds each of us that to truly live we must recognize that we are dying. Every second we create more of our past—more decisions, more breathing, more love and more loathing, all of it slides by into the *gone* as we race to grab at more moments, at more memories made and already fading.

We are all authors, creators of our own pasts, of the books that will be our lives. We stare at the future or obsess about the present, but only the past has been set in stone, and we are the ones setting it. When we race across the wet concrete of time without purpose, without goals, without laughter and love and sacrifice, then we fail in our mortal moment. We race toward our inevitable ends without artistry and without beauty.

All of us must pause and breathe. See the past, see your life as the fruit of providence and thousands of personal narratives. What led to you? You did not choose where to set your feet in time. You choose where to set them next.

Then, we must see the future, not just to stare into the fog of distant years but to see the crystal choices as they race toward us in this sharp foreground we call the present. We stand in the *now.* God says create. Live. Choose. Shape the past. Etch your life in stone, and what you make will be forever.

https://www.amazon.com/Death-Living-Life-Meant-Spent/dp/0849920094/

'n Stem, gesig vir randfigure

Francois Bekker

Fiksie
Die kinders van
Spookwerwe
Lize Albertyn-du Toit
HUMAN & ROUSSEAU, R310

Oorweeg die dowwe beeld van 'n seuntjie op 'n perd teen die agtergrond van 'n dorre landskap wat die omslagfoto van /Die kinders van Spookwerwe/ is. Dié foto, wat uit fokus is, onderstreep die premis van Lise Albertyn-du Toit se debuut-roman. Op die periferie van die samelewing is mense

van wie ons nouliks kennis neem. Wat ons van hulle weet, is jammerlik vaag.

Dit vertel die verhaal van Mieta en Hennerik Kaliempie, wat saam met hul kinders in die Bo-Karoo op die plaas Spookwerwe woon. Armoede het vir hulle 'n lewenswyse geword. Die barre landskap resoneer met hul sukkelbestaan. Dat die Kaliempies hul koppe met selfrespek omhoog hou, is bewonderenswaardig. Inbors is egter nie iets wat met geld gekoop word nie.

As die moeder ontsien Mieta geen moeite om alles in kanne en kruike te hou nie. Geluk is daar altyd te vind, ongeag skaarste of teenspoed. En al slaan die noodlot in so 'n mate toe dat dit dreig om selfs die Kaliempies se spartaanse wêreld in duie te laat stort, is dit die lewe self wat hulle telkens by 'n punt bring waar weer gerieldans kan word.

Albertyn-du Toit se verhaal van die Kaliempies lees nie soos 'n pyl-uit-'n-boog-spanningsroman nie en die momentum bou langsaam op. Ek het wel die gevoel gekry dat die verhaal soms in te veel detail verstrengel raak, wat die leestempo onnodig belemmer.

Dit is 'n verhaal wat sowat vyf jaar omspan toe rasseskeiding stewig in plek was. Ondanks 'n soms omslagtige gevoel, verloor die verhaal nooit sy spoor nie. Die leser se geduld word ryklik beloon en voordat jy jou kom kry, is jy só betrokke by die wel en wee van die karakters dat jy nie die boek kan neersit nie. Die roman se grootste prestasie is dat dit 'n stem en gesig gee aan randfigure, mense wat ons so maklik miskyk.

So halfpad deur die storie moet die Kaliempies hul tentpenne uittrek om elders te gaan werk en bly sodat hul skrander seun, Milano, sy skoolloopbaan kan voltooi. Mieta laat meer as haar drievertrekhuisie agter. Maar soos Hennerik dit stel: "Daardie klong vat nou die grootpad. Moenie hom in 'n klein kampie ingekeer hou nie."

Mieta neem 'n groot seer en verlange saam met haar na die Swartland, waar hulle hulself gaan vestig. Intriges en rampe bied egter onwaarskynlike geleenthede om haar bo haar teëspoed te laat uitstyg. Patos en humor lê gemaklik langs mekaar in dié verhaal.

Francois Bekker is 'n vryskutresensent van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/n-stem-gesig-vir-randfigure-20190728

"When someone steals another's clothes, we call them a thief. Should we not give the same name to one who could clothe the naked and does not? The bread in your cupboard belongs to the hungry; the coat unused in your closet belongs to the one who needs it; the shoes rotting in your closet belong to the one who has no shoes; the money which you hoard up belongs to the poor."

— Basil the Great

Brood vir die pad

Hierdie stilte is nie een van wanhoop en moedverloor

RRV

'The end is silence," lui die opskrif van 'n gedeelte uit 'n boek van die Rooms-Katolieke filosoof Josef Pieper, wat na 'n spesifieke voorval teen die einde van die lewe van Thomas van Aquino (1225-1274) verwys.

Thomas – 'n Dominikaanse priester, filosoof, teoloog en heilige – word allerweë as die invloedrykste sistematiese denker van die Middeleeue beskou, en sy literêre nalatenskap is enorm.

Soos min ander voor hom, en waarskynlik ook ná hom, het hy nie teruggedeins om met die gebruik van logika en redelikheid sy bepeinsinge aangaande God en ons werklikheid neer te pen nie. Sy omvangryke denksisteem word dan ook dikwels met die Gotiese katedrale van sy dag vergelyk.

Die welbekende voorval waarna Pieper in sy boek – met die Engelse titel The Silence of St. Thomas – verwys, het in 1273 plaasgevind.

Nadat Thomas van die Heilige Mis teruggekeer het, en weer begin werk het aan 'n geskrif oor die sakrament van boetedoening, het hy skielik ophou skryf en stil geword. Sy vriend Reginald het bekommerd na die rede vir sy stilte en die staking van sy werk gevra.

Thomas het ná 'n lang stilte geantwoord: "Ek kan nie meer skryf nie. Alles wat ek tot nou toe geskryf het, voel vir my na niks anders as strooi nie." En hy het byvoeg: "Dit voel soos blote strooi in die lig van wat ek gesien het en aan my geopenbaar is."

Pieper skryf na aanleiding van dié voorval: "The last word of St. Thomas is not communication but silence . . . He is silent, not because he has noth-ing further to say; he is silent because he has been allowed a glimpse into the inexpressible depths of that mystery which is not reached by any human thought or speech."

Sheila Cussons verwoord iets soortgelyks in haar gedig "Die kers" (uit Die sagte sprong, 1979): " . . . toe die kers al lank nie brand nie / sit in 'n wit verslaentheid / Aquinas van sy skof bewus / en kyk sy werk onsiende aan / en fluister dan wassit alles strooi / . . . blind van Majesteit."

In ons era van geraas lei die gebrek aan stilte dikwels daartoe dat ons spreke nie vanuit die tipe stil wees ontspring wat aan ons woorde diepte en betekenis verleen nie.

Maar, kan ons byvoeg, daar is ook 'n soort stilte anderkant spreke, soos wat Pieper in sy bespreking van die stilte van Thomas ons aan herinner.

Dit is nie die stilte van moedverloor of wanhoop nie. Nee, dié stilte spruit uit die eerbied vir misterie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hierdie-stilte-is-nie-een-van-wanhoop-en-moedverloor-20190726

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877